

## Vrydag 4 Maart

**Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31**

**Fokusgedeelte: Romeine 3:30**

**Ons enigste troos is dat ons slegs deur die geloof in Jesus Christus verlos word**

Ons meet onself graag net aan uiterlike dinge. As ek meer as ander besit, of as ek 'n ingeskrewe lidmaat van 'n kerk is, dan is ek beter as die ander mense wat minder besit, of in 'n ander kerk, of selfs kerkloos is.

Paulus het met dieselfde probleem geworstel. In Rome was daar Jode wat vanweë hulle besnydenis hulle beter as die onbesnedenes geag het. Nou moet hulle hoor dat besnedenes en onbesnedenes albei slegs deur geloof voor God regverdig is. Die Direkte Vertaling lees: "... aangesien dit een God is wat besnedenes deur die geloof sal regverdig, en ook onbesnedenes deur dieselfde geloof."

Die mens ontvang regverdiging alleen op grond van Jesus Christus se offer aan die kruis. Die Heilige Gees vestig deur die Bybel hierdie vasstaande kennis en die vaste vertroue in ons hart en verstand, en so kom ons tot geloof in Jesus as Verlosser.

Geloof is die oop hand wat die Heilige Gees vir elke uitverkore kind van God gee. Verder sit God binne-in hierdie oop hand Jesus Christus en al sy werke waardeur jy regverdig word. Deur die geloof omhels jy nou Jesus Christus as jou persoonlike en volkome Verlosser.

Bid dat die Heilige Gees jou geloof steeds meer deur die Woord van God sal versterk. Soek die verkondiging van die Woord met ywer op. Volhard met getroue Bybelstudie. So word die vasstaande kennis al meer en groei die vertroue al sterker, en jy sal oortuig wees dat Jesus Christus jou volledig en volmaak verlos het.

Wat 'n wonderlike troos!

*Sing: Psalm 73:11 (1936)*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)*